ng kerk weltevreden
lewe vir die stad

**Gemeentebrief Februarie 2021**
**Ds Ferreira Marais**

## Wat ons weet is net genade

Daar is ŉ teksgedeelte wat al vir jare in my kop vassit. Elke nou en dan kom die woorde weer in my gedagtes en dan is ek van voor af deurmekaar. Dan wonder ek weer oor Jesus se bedoeling toe hy hierdie woorde gesê het en ook die implikasies daarvan vir my. Dit het weer so ŉ maand gelede gebeur toe ek en my gesin een aand in Phillipstown oorgeslaap het. Net voor dit donker word het die wind deur die enorme bloekom- en akkerbome rondom ons begin waai. Carla se woorde na ŉ sug van tevredenheid, was: "Ek mis daardie klank".

Net so ŉ bietjie agtergrond: Carla het in Dundee grootgeword en baie baie tyd op haar oupa se plaas spandeer. Daardie klank het haar teruggeneem na haar oupa se stoep toe. Teruggeneem na ŉ eenvoudiger tyd, ŉ tyd sonder enige ernstige bekommernisse of verantwoordelikhede. Die geluid van die wind daardie dag het haar onkant gevang; sy het dit nie beplan of verwag nie, maar skielik, vir ŉ minuut of twee was sy weer ŉ klein dogtertjie wat op haar oupa se skoot sit.

Ek het ook die klank van die wind gehoor, ek het ook die krag en selfs die intimidasie daarvan beleef. Ek kan ook getuig dat die groot bome en die kragtige wind my weer laat besef het hoe klein ek is. Hoe afhanklik ek is. En toe spring hierdie vers weer in my gedagtes: "*Die wind waai waar hy wil. Jy hoor sy geluid, maar jy weet nie waar hy vandaan kom en waar hy heen gaan nie. So gebeur dit met elkeen wat uit die Gees gebore is.*" Johannes 3:8.

Ek dink Jesus probeer ŉ paar dinge vir Nikodemus leer met hierdie stukkie, maar waarop ek bly fokus is die feit dat ons as mense nooit alles sal verstaan waarmee God besig is nie. In ons eie lewens en ook in die lewens van ander. Ons verstaan nie hoekom iemand trane in hulle oë kry as hulle die wind hoor waai nie. Ons verstaan nie hoekom óns in God glo en ander om ons weier om te glo nie. Ons verstaan nie wat tans in die wêreld aangaan nie. Ons verstaan nie hoekom ander mense nie meer soos ons kan wees of dink nie. Al hierdie dinge frustreer ons soms en vul ons selfs met angs.

Wat maak ons hiermee?

Ons kan leer dat ons klein is, dat ons meer moet luister as praat, dat ons nie altyd reg is nie, dat ons mag foute maak, dat ons mag jammer sê oor die foute wat ons maak, dat ons leerbaar moet bly en dat ons meer genadig moet wees teenoor onsself en ander… Want alles wat ons weet is maar net genade van bo.

**Ferreira Marais**